bout. Die knyp het 'n bruinkol veroorsaak maar het nie 'n ekstra stem vir die "Randtram" gewen nie.
In die dae is 'n Staatskoerant uitgegee. Dit was meesal 2 tot 4 dubbel velle foliopapier. My moeder het die Staatskoerante baie sorvuldig gebêre en het later ons "voorhuis" op die plaas daarmee uitgeplak. Sommige Staatskoerante was skuins, dwars en onderstebo geplak maar ek onthou dat my moeder deur haar buurvrouens beny is. "Lettie jy kan bly wees dat Kooitjie die staatskoerante gekry het, kyk nou net hoe pragtig het jy jou voorhuis uitgeplak".
Die Burgers, ja die Boeremense, het nooit van President Kruger as Oom Paul gepraat nie en as dit gebeur het dan was dit deur mense wat hom nie goed gesind was nie. Dit word vertel dat 'n jongman van die Kaap Kolonie die President besoek het en hom as Oom Paul aangespreek het. Die President het die mannetjie vierkant in die oë gekyk en gesê: "Vriend ons verwantskap het my so effens ontgaan, sal jy dit asseblief vir my uitlê".
So vlieg die dae, weke, maande, jare heen en met die verdwyning van die ou geboue en mense kom daar nuwes maar dit herinner ons aan die laaste woorde van ons President: "Neem uit die verlede wat mooi en goed is en bou daarop die toekoms".
Het ons dit gedoen? Ek wonder ......?1).

J.P.K.

1) Mnr. J.B. Kleynhans was die pleegvader van die skrywer.

## DIE OORSPRONG VAN ONS STRAATNAME

Die Genootskap Oud-Pretoria het hom ten doel gestel om die geskiedenis van die straatname van Pretoria so ver moontlik na te spoor. Heelwat inligting is al in die verband ingesamel maar daar ontbreek nog baie gegewens. Ons gaan hier in elke uitgawe 'n aantal name bespreek, die inligting verskaf wat voorhande is en dan ons lesers uitnooi om die gegewens aan te vul of teen te spreek. Stuur asseblief so veel besonderhede as waaroor u beskik aan die redakteur. U bydrae sal dan telkens in hierdie kolomme genoem word. So kan al ons lesers bydra tot die voltooiing van 'n belangrike taak.
Dit gebeur seker feitlik elke dag dat ons 'n naam op die hoek van 'n straat lees waarvan ons die herkoms nie weet nie. Dikwels is die oorsprong van 'n naam nêrens opgeteken nie, en daar bestaan dus gevaar dat dit heeltemal in die vergetelheid kan versink.
Ons begin met Pretoria-Sentraal en handel die name in alfabetiese volgorde af:

Abattoirweg: Hieroor het geen gegewens ingekom nie. Kan iemand verduideliking van die oorsprong daarvan aan die hand doen?

Bankstraat: Die ou Standard Bank en die ou Natalse Bank het aan weerskante van hierdie straat gestaan. Vandaar die naam. Maar mens vra jou af of die straat dan geen naam gehad het voor die bankgeboue daar verrys het nie, en van wanneer tot wanneer het hulle daar gestaan, en presies waar? Kan een van die ou inwoners hieroor iets vertel?

Berea Parklaan: Dit is die laan wat by Bereapark verbyloop. Maar vanwaar die naam Bereapark? Berea is natuurlik van Bybelse oorsprong: Handelinge XVII, 10, 13. Dit is een van die plekke wat Paulus op sy sendingsreise besoek het. Die naam kom egter veelvuldig in Suid-Afrika voor, en dis moontlik dat die naam in Pretoria slegs in navolging van Berea in Durban, of miskien van 'n ander plek, gegee is. Nader gegewens hieroor sal verwelkom word.

Bloedstraat: Hierdie naam het 'n interessante geskiedenis. Gedurende die sogenaamde burgeroorlog is daar 'n wag geplaas om die huis waarin die opstandige generaal Stefanus Schoeman hom destyds opgehou het. Onbewus hiervan ry Jacobus Francois du Toit, seun van landdros A.F. du Toit, op 'n Sondagoggend, 14 September 1862, daarheen. Weens 'n sterk wind hoor hy die wag nie toe die hom aanroep nie. Daarop bars sestien geweerskote op hom los. Hy self word in die skouer gewond en sy perd word onder hom doodgeskiet. En die straat waarin die treurspel afgespeel het, heet van toe af Bloedstraat. (Sien herinneringe van G.J.W. du Toit in die Brandwag 24/12/1919. Ook dr. J.H. Breytenbach in 'n lesing voor die Genootskap Oud-Pretoria, 29/11/1949).

Bloemstraat: Die naam is blykbaar van blomme afgelei en nie van een of ander mnr. Bloem nie. Maar waarom? Was daar oorspronkelik baie blomme langs die straat?

Boomstraat: "... vertel 'n verhaal van romantiese dae toe Pretoria nog jonk was en daar langs die straat wat toe die noordelike buitegrens van die dorp gevorm het, digte bome gestaan het om hom af te skei van die boswereld verder weg waar snags nog leeus en tiers geboer het ..." Aldus dr. Breytenbach in die hierbo genoemde lesing. Maar ook dit roep vrae op. Watter soort bome is daar geplant, en wanneer?

F.J.d.T.S.